

SONDAG 12 JULIE

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 49:8-12

FOKUSGEDEELTE: GENESIS 49:10

Juda – prys en leierskap

Die naam Juda het 'n verbintenis met die werkwoord wat “*om te prys*” beteken. Ons hoor dan ook dat Jakob in sy seën oor Juda aandui dat sy broers hom sal eer, of dan sal prys. Sy leierskap word daardeur deeglik onderstreep. Toe Juda as vierde seun vir Jakob en Lea gebore is, het Lea hom Juda genoem en gesê dat sy nou die Here sal prys. Twee duidelike bene word in Juda vasgemaak: prys en leierskap.

Die saak van leierskap word in vers 10 onderstreep. Wat beklemtoon word, is dat die leierskap van Juda baie lank sal duur. Anders gestel: sy nageslag sal aanhou regeer. Hoewel daar verskillende interpretasies is oor die verwysing na Silo in vers 10, kom dit na vore dat hier nie na 'n plek nie, maar na 'n persoon verwys word. In die Griekse vertaling van die Ou Testament word Silo beskou as verwysing na die Messias-Koning. Daarom word uitgewys dat reeds in hierdie seën van Jakob na Jesus as die Verlosserkoning verwys word.

Juda was die stamvader van die Judastam; een van twee stamme wat Dawid van die begin af as koning aanvaar het, maar ook ná die skeiding van Israel staande gebly het – selfs deur 70 jaar van ballingskap.

Dawid self was 'n afstammeling van Juda en het 'n besondere verhouding met die Here gehad en 'n stewige koningskap. Hy is inderdaad baie vereer en geprys.

Finaal uit Juda kom Jesus as die Koning van konings wat vandag steeds wêreldwyd as dié Koning geëer en geprys word. Hy wat sy volk lei en teen Wie se leierskap niemand bestand is nie. Jesus die sterk leeu, al was Hy as lam ter slagting gelei.

Sing: Psalm 73-1:11, 12

Dr. P (Piet) Fanoy (Windhoek)